
# COMPETITIONS/WEDSTRYDE

**ONS WENNERS**

Daar was ongelukkig nie baie inskrywings vir ons vorige wedstryd gewees nie — miskien was die vraag ietwat moeilik. Terloops, die twee persone op die foto was Paul Kruger en HC (Manie) Bredell. Slegs 3 korrekte inskrywings is ontvang. Die wenner is mev CL van Heerden van Krugersdorp. Baie geluk. Die tweede prys is verower deur mev HJ Stoltz van Brakpan en die derde prys deur Wouter Briel van Florida.



**Ons wedstryde vir hierdie uitgawe**

A. **OPE WEDSTRYD:** (Almal kan hiervoor inskryf).

Bestudeer die meegaande foto noukerig.

(a) Wie is dit wat hier uitgebeeld word?

(b) Verduidelik in nie meer as 50 woorde die simboliek van die foto?

Die wenner ontvang 'n kontantprys van R40. 'n Troosprys van R10 word ook toegeken. Skryf die antwoorde op 'n koevert of poskaart en stuur dit tesame met u eie naam en adres aan:

Die Redakteur
Gister en Vandag
Posbus 524
Johannesburg
2000

Inskrywings moet ons nie later as 30 Junie 1983 bereik nie.

**B. 'N WEDSTRYD VIR LAERSKOOLKINDERS:**

Kyk goed na die foto. Wie is die persoon links op die foto? (Sy voorletters was "CJ" en sy van het met 'n "R" begin!)

'n Eerste prys van R30 word uitgeloof en twee troospryse van R10 elk.

Die inskrywings sluit op 30 Junie 1983.

Stuur die inskrywings aan:

Die Redakteur
Gister en Vandag
Posbus 524
Johannesburg
2000

